

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 3: Lech L'cha (לך לך) Jy, Gaan jy!

יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys... Gen. 12:1 – PWL Vertaling¹

Torah : Gen. 12:1 tot 17:27

- ❖ **Inleiding.**
- ❖ **Gen. 12:1 tot 3** – Jy, gaan jy!
- ❖ **Gen. 15:6** – Geloof tot geregtigheid.
- ❖ **Gen. 16:1 tot 16** – Beloftes vereis geduld.
- ❖ **Gen. 15:18 en 17:7** – YHVH die Getroue Verbondsgod

Haftorah: Jes. 40:27 tot 41:16 - Hy wat op YHVH wag.

B'rit Chadashah: Matt. 1:1 tot 17; Hand. 7:1 tot 8, Rom. 4:1 tot 25; Gal. 3:1 tot 29; Heb. 7:1 tot 19; Heb. 11:8 tot 12.

I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination – Jimmy Dean

There are two ways to be fooled. One is to believe what is not true. The other is to refuse to accept what is true – Soren Kierkegaard.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

Wat die roeping van Abram (later Abraham) aan betref, gee Stefanus vir ons verdere duidelikheid soos wat dit in Hand. 7:2 tot 4 opgeteken is:

En hy sê: Broeders en vaders, luister! Die God van die heerlijkheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het, en vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys. Toe het hy getrek uit die land van die Chaldeërs en in Haran gaan woon; en ná die dood van sy vader het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land waarin julle nou woon.

YHWH het aan Abram op 'n wyse verskyn en openbaar gemaak dat daar by hom geen twyfel bestaan het as om gehoorsaam te wees nie. Abram se ontmoeting met YHWH was dus terwyl hy nog in Mesopotamië saam met sy vader gewoon het.

So lees ons dan in Gen. 11:31 dat Abram saam met sy vrou, Sarai, en sy vader, Tera, asook saam met Lot uit Ur van die Chaldeërs getrek het tot by Haran en daar gewoon het – volgens sommige bronne vir ongeveer vyf jaar. Eers nadat Tera gesterf het, het Abraham verder getrek na die land Kanaän.

In alle waarskynlikheid was Abram besig om homself en sy huishouding in Haran te vestig en bestaan die moontlikheid dat hy kon geglo het dat dit die plek is waarheen YHWH hom geroep het. Dit is dan op die punt wat ons parashah van hierdie week begin!

Gen. 12:1 tot 3 – Jy, gaan jy!

יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na 'n land wat Ek jou sal wys en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam groot maak en jy sal 'n seën wees en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word. Gen. 12:1 tot 3 – PWL Vertaling.

Abram moes wegtrek uit Ur van die Chaldeërs (antieke Babilon) waar afgodery aan die orde van die dag was. Volgens Jos. 24:2 was Abram se vader, Tera, 'n afgodsdienaar. Abram het dus groot geword in 'n huishouding gekenmerk deur afgodery. Babilon beteken *verwarring deur vermenging*, asook *mengsel*, en daarom moes Abram uit die geestelike verwarring van sinkretisme (vermenging van godsdienste) kom. Haran, waar Abram tot die dood van sy vader Tera gewoon het, was dus nie die eindbestemming van Abram nie. Nee, hy moes gaan tot in Kanaän waar hy die begin van die saad sal wees waaruit YHWH se eiendomsvolk sou ontstaan.

Die geskiedenis van Abraham dien as herinnering dat ons ook geroep is om 'te trek' (om uit te kom) uit 'n omgewing van sinkretisme (afgodery soos kersfees, *Easter*, vry van die wet, ens.). Ons is dus ook geroep om, indien nodig, *uit ons vader se huis en uit ons familie te gaan* na die 'Belofde Land' van Torah-gehoorsaamheid. Dit dien as herinnering aan die volgende Skrifgedeeltes:

Gaan weg uit Babel, vlug weg van die Chaldeërs! Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: YHWH het sy kneg Jakob verlos. Jes. 48:20

Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHWH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; 2 Kor. 6:17

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4

Babilon (Ur van die Chaldeërs) is ook 'n sinnebeeld van die boom van kennis van goed en kwaad – 'n mengsel van die goeie en die slegte. Om te eet van hierdie boom is die wortel van geestelike

verwarring en misleiding. Om uit Babilon te kom is om terug te keer om versadig te word van die vrug van die Boom van Lewe, naamlik Yeshua, die vleesgeworde Torah.

Bepeins of Bespreek

1. Was Abram aanvanklik ten volle gehoorsaam (Verwys Gen. 11:31 en 12:1). Onthou: Abram het sy broerskind saamgeneem! Was Lot 'n hulp en seën vir Abram of 'n hindernis en binding? Wat is die les wat ons hieruit leer, veral ten opsigte van YHVH se onverdiende guns? Dikwels is ons ook bereid om uit 'Babilon' weg te trek, maar dan neem ons sekere bindinge, laste en 'bagasie' met ons saam! Ons trek tot by Haran, maar dan nie verder nie. Die naam *Haran* beteken: *verdor* en *verdroog* – by Haran sal ons verdroog en verdor! Ons moet uit Babilon, verby Haran tot in Kanaän gaan! Kan ons bekostig om net 'halfpad' Torah-gehoorsaam te wees?
2. Wat het Yeshua gesê is die opofferings wat ons sal moet maak (die prys wat ons sal moet betaal) indien ons in gehoorsaamheid YHVH wil volg (Matt. 10:34 tot 40)? Wat sal die loon wees van die wat bereid is om hierdie opoffering te maak (Matt. 19:29)?
3. Is die Messiaanse Ontwaking nie juis 'n herhaling van die roeping van Abraham, naamlik om die geestelike verwarring en sinkretisme van die kerk te verlaat en te gaan na die 'Beloofde Land' om met ons Hebreeuse verbintenis (erfenis) herenig te word nie?
4. Tans is die afstammeling van Ismael sowat veelvoudig meer as die aantal Jode. Het YHVH 'misluk' om Sy belofte aan Abram volgens Gen. 15:5 waar te maak? Is die antwoord nie te vinde in wie is Israel nie (Rom. 4:16; 9:8 en 11; Gal. 3:7, 9, 14, 28 en 29)?
5. *The return of the Jewish People to the Land of Israel has great significance to all of us whether we're Jewish or not, or whether we live in Israel or elsewhere. The legendary first Chief Rabbi of Israel, Abraham Isaac Kook wrote that, "The building of the Israeli nation means the building of the land, the government, the army, the people and the spirit together...the rebirth of the nation is the foundation of the Great Teshuva (Return): The Great Teshuva of the Jewish nation and the Teshuva of the entire world which comes in its wake."* (Israel365, 2012).

Gen. 15:6 – Geloof tot geregtigheid

Avram het in אָמַן vertrou en Hy het hom dít tot opregtheid en onskuld gereken. Gen. 15:6 – PWL

Vertaling.

Die 1953 vertaling lees dat omrede Abram in YHVH geglo het, het YHVH-God *hom dít tot geregtigheid gereken*. Die Hebreeus vir die woord *glo* is *aman* en dit beteken om *te ondersteun, te bevestig en getrou te wees* (Brown-Driver-Brigg's Hebrew Definitions).

Geloof in YHVH as Skepper-God, Die Almagtige, behels vertrou en getrouheid. Eerstens is dit vertrou in die liefde (genade, guns, goedheid) en oordeel (regverdigheid) van YHVH. Dit is 'n absolute vertrou dat YHVH liefde en regverdigheid is – vertrou in YHVH se getrouheid. Tweedens is dit getrouheid (gehoorsaamheid) aan YHVH se Torah, naamlik Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Geloof (om te glo) is dus nie net intellektuele erkenning van 'n feit nie, maar is 'n aksie (handeling) van vertrou in YHVH se getrouheid en die aksie van getroue (nougeseette, gehoorsame) handeling volgens alles wat YHVH gespreek het. Geloof vereis dus altyd bepaalde aksie wat meer is as net blote intellektuele kennis aangaande YHVH. Geloof in Hebreeuse verband is dus aksiegedrewe – dit is wat moet ek doen!

Indien Gen. 12:1 tot 4, asook Gen. 15:1 tot 6 en Gen. 17:1 tot 13 met Rom. 4:1 tot 16 vergelyk word, is dit duidelik dat Abram deur geloof (vertrou in YHVH en getrouheid aan YHVH) as opreg en sonder skuld (geregtigheid) gereken is. Geregtigheid (opregtheid en onskuld) deur geloof (vertrou en getrouheid) is die onverdiende guns (genade) van YHVH en is nie op grond van verdienste nie, want

my vertrouwe en getrouheid is nooit volmaak nie. Hoewel ek nie daarin slaag om YHVH ten volle te vertrou en ten volle getrou te wees nie, word ek nogtans deur genade in Yeshua regverdig verklaar.

Dit is derhalwe 'n wanpersepsie dat Israel onder die ou verbond gered was op grond van hulle goeie werke, naamlik die onderhouding van die wet (Torah). Die vrug (resultaat, gevolg) van Abram se geloof tot geregtigheid was wel sy gehoorsaamheid aan YHVH se ordeninge, gebooie, insettinge en Torah wat YHVH se seëninge tot gevolg gehad het (Gen. 26:4 en 5).

Hiermee het YHVH die ewige patroon gevestig van geloof (vertrouwe en getrouheid) tot geregtigheid (opregtheid en onskuld) en gehoorsaamheid tot seëninge! Eers geloof en dan gehoorsaamheid wat die gevolg is van dit wat jy glo en hoekom jy glo! Geloof vereis handeling (optrede) aangedryf (gemotiveer) deur dit wat jy glo. Geloof is daad wat uit liefde gemotiveer word!!

Bepeins of Bespreek

1. Abram is deur geloof geregverdig verklaar (Rom. 4:2, 3 en 9), maar deur sy werke (dade) het Abram se geloof volkome geword, naamlik die doel bereik (Jak. 2:21 en 22). Geloof sonder werke is nutteloze geloof (Jak. 2:14 tot 26). Deur Torah gehoorsaamheid word ons geloof volkome!
2. Lees 1 Joh. 2:4 en 5. Is gehoorsaamheid die bewys dat ek YHVH waarlik liefhet en die wyse om Sy liefde vir my te beantwoord?

Gen. 16:1 tot 16 – Beloftes vereis geduld

Sarai, die vrou van Avram, het vir hom geen kinders voortgebring nie en sy het 'n slavin uit Egipte gehad met die naam van Hagar. Sarai het vir Avram gesê: "Let op, יהוה het van my teruggehou om geboorte te gee. Gaan, wees intiem met my slavin; miskien kan ek kinders deur haar hê." Avram het na Sarai geluister. Sarai, die vrou van Avram, vat vir Hagar, haar slavin van Egipte en gee haar aan haar man Avram as vrou, nadat Avram tien jaar in die land Kena'an gewoon het. Hy was intiem met Hagar en sy het swanger geword. Gen. 16:1 tot 4 – PWL Vertaling.

Die Skrifte verklaar Abram as die vader van geloof (vertrouwe), maar tog het ongeloof (wantrouwe) na 'n wagtyd vir die belofte van 'n seun veroorsaak dat Abram en Sarai vir YHVH op vleeslike wyse "wou help" om die belofte van 'n erfgenaam te laat realiseer. Die uiteindelijke gevolg was die geboorte van Ismael – die seun van Abram by die slavin Hagar. Hierdie was nie volgens die wil van YHVH nie, maar was volgens die wil van Abraham en Sarai.

Ismael was 'n wilde-esel van 'n mens (Gen. 16:12) en het die vader van 'n menigte van die Arabiese volke geword. Die gevolg van Abram se ongeduld en eie wil is steeds vandag 'n probleem waarmee Israel en die wêreld te doen het.

Die les wat ons uit hierdie gebeure leer is dat deur voortgesette vertrouwe in YHVH en deur geduld neem ons die beloftes van YHVH in besit!

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. Ps. 145:15

Op die ouderdom van negen-en-negentig jaar het Abram (אַבְרָם) die verbondsteken van die besnydenis 'ontvang' en het YHVH sy naam na Abraham (אַבְרָהָם) verander en die van Sarai (שָׂרַי) na Sarah (שָׂרָה). YHVH is vanaf daardie dag bekend as die God van Abraham en van sy nageslag (Isak en Jakob). Abraham het die vader van 'n menigte van nasies geword (Gen. 17:5). Hy was die eerste Hebreër en die vader van YHVH se volk, Israel, en uiteindelik van elkeen wat glo in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot sondevergifnis en versoening met YHVH.

Dit moet egter ook onthou word dat Abraham die Vader van die nageslag van Ismael is en daarom beskou die Moslems hom ook as hulle vader.

Bepeins of Bespreek

1. Verkeerde besluite het dikwels langtermyn gevolge! Ons sondes (ongehoorsaamheid, wantroue) word vergewe wanneer ons ware berou het, maar die gevolge word nie noodwendig uitgewis nie. Wat ons saai sal ons maai! Die oes moet eers van die land afgehaal word. Dit is 'n les wat die geskiedenis van Abraham ons leer.
2. Vader-God se doel in jou en my lewe is nie om ons drome waar te maak nie, maar om ons in gedagtes, woorde en daade gelykvormig aan Yeshua te maak. Verwys Ps. 26:2; Ps. 66:10; Sag. 13:9; 1 Pet. 1:3 tot 9 (veral verse 6 tot 9); Rom. 8:29; Rom. 12:2. Hierdie is 'n proses wat satan sal wil verhinder om voltooi te word. Onthou: die einddoel van jou geloof is die redding van jou siel (1 Pet. 1:9 en Jak. 1:21), naamlik die bevryding van jou wil, denke en emosie om in alles aan Yeshua Messias gelykvormig te word en dus Torah-gehoorsaam te lewe. Jou gees word wederbaar sodat jou gemoed (siel) vernuwe kan word deur die waterbad van YHVH se Woord (Ef. 5:26).

Gen. 15:18 en 17:7 – YHVH die Getroue Verbondsgod

Op dié dag het YHVH met Abram 'n verbond gesluit... Gen. 15:18

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. Gen. 17:7

In Genesis 15 lees ons waar YHVH met Abram 'n verbond gesluit het. Abram het eerstens in YHVH, en in die belofte van 'n nageslag waaruit die Messias gebore sou word, geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Gen. 12:3 en Gen. 15:5 en 6). Abram het egter getwyfel oor die belofte van die beloofde land en het vir YHVH gevra (Gen. 15:8):

O, יהוה-God, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? – PWL Vertaling

Daarom het YHVH met hom 'n verbond gesluit as bevestiging en bewys dat hy die beloofde land in besit sou neem en dat dit vir sy nageslag bestem sal wees (Gen. 15:9 tot 21).

Let egter daarop: Abram het nie vir YHVH gevra om die betekenis van die verbond te verduidelik nie. Nee, Abram het die betekenis verstaan; tot so 'n mate dat dit vir hom die bevestiging was dat YHVH dit sal doen wat Hy beloof het. Die verbond het vir Abram die geloofsekerheid gegee dat sy nageslag die beloofde land in besit sou neem. Die teken van hierdie verbond is die besnydenis (Gen. 17:8 tot 13).

Met die verbond wat YHVH met Abraham gesluit het, kry ons ook die eerste insae in die wyse wat 'n verbond gesluit word (Gen. 15:9 tot 21 en Gen. 17:11).

Hierdie verbond is ook met Isak en Jakob, en dus met Abraham se nageslag, hernu (Gen 26:2 tot 5 en 24; Gen 28:13-15; Gen 35:11 en 12; Gen 48:14 tot 16 en 21). Dit was dieslfde verbond wat net hernu was en was dus ook op Israel – die nageslag van Abraham – van toepassing.

Die Skrifte is 'n boek van YHVH se verbonde en word verdeel in die ou verbond (testament) en die nuwe (hernieude) verbond (testament). Hierdie verdeling is egter verwarrend omrede dit by baie die indruk laat dat die twee verbonde (testamente) weinig met mekaar te doen het, en veral omrede baie glo dat die ou verbond uitgedien is en met die nuwe verbond vervang is.

Die verdeling van die Skrifte in die ou en die nuwe verbond is egter eers in die vierde eeu deur sommige van die kerkvaders gedoen, hoofsaaklik op grond van hul siening dat die ou verbond 'n verbond van werke was en die nuwe verbond 'n verbond van genade is. Hiervolgens word geglo dat die twee verbonde los van mekaar staan en dat die oue met die nuwe vervang is. Dit is dan ook juis

hierdie verdeling wat bydra tot die hedendaagse siening dat die wet opgehef is en dat gelowiges derhalwe vry van die wet is en onder die genade leef.

Ons kan wel al die verbonde wat YHVH met die mens gesluit het in twee verdeel, naamlik die Voor-Messiaanse verbonde en die Na-Messiaanse verbond. Al hierdie verbonde moet egter as 'n geheel gesien word en as deel van 'n stap in YHVH se plan om alles te herstel soos Hy dit aan die begin geskape het. Dit is daarom belangrik om te verstaan dat die Voor-Messiaanse verbonde, bekend as die ou verbond, almal verbonde is wat steeds bestaan, maar waarvan sommige in die Messiaanse tydperk (dispensasie) hernu (bevestig, vervul) is. Daarom sal daar vir die doel van hierdie bespreking verwys word na die **ou verbond** (Voor-Messiaanse verbonde) en die **hernieuwe verbond** (Na-Messiaanse verbonde wat in Hebreeus bekend is as die *B'rit Chadashah*). Die doel is ondermeer om duidelikheid te verkry hoekom daar twee verbonde is, maar dat hulle wel 'n eenheid vorm en dat Yeshua Messias sentraal in beide is.

Die verdeling van die Skrifte in die ou- en die nuwe verbond skep ook die indruk dat daar slegs van twee verbonde gepraat word. Dit is egter nie waar nie, want die ou verbond bestaan uit verskeie verbonde wat as 'n eenheid gesien moet word. Verwys na Tabel 1 aan die einde vir 'n opsomming van die verbonde.

Ten opsigte van die ou verbond vorm die verbond met Abraham, waarby die besnydenis ingesluit is, en die Verbond van die wet (Mosaïese verbond) egter die kern en staan hierdie twee algemeen bekend as die ou verbond.

Dit moet ook in gedagte gehou word, en streng gesproke, dat die hernieuwe verbond se begin nie die geboorte van Yeshua Messias nie, maar wel die aand toe Messias saam met sy disippels Pesag gevier het (Matt. 26:26 tot 28). Daarna is die hernuwing van die verbond deur Yeshua se folterdood en opstanding beseël.

In die lig van bogenoemde maak dit ook sin om die Skrifte (Bybel) eerder te verdeel in die Voor-Messiaanse Skrifte en die Na-Messiaanse Skrifte. Dit sal baie verwarring uitskakel en die begrip vestig dat YHVH se Woord vanaf Genesis tot Openbaring 'n aaneenlopende geheel vorm en dat die Skrifte as geheel van Yeshua Messias getuig.

Talle Christene het weinig of geen kennis van die oorsprong, die inhoud, die doel en die betekenis van die verskillende verbonde wat in die Skrifte opgeteken is nie. Hierdie situasie bestaan ten spyte daarvan dat die woord *verbond* gereeld in kerke en deur Christene gebruik word en hulle hulself as *verbondskinders* beskou. Kennis van die verbonde is egter onderliggend tot volle begrip van die Skrifte en van die verhouding tussen YHVH en die mens. Daarom moet elkeen verstaan wat YHVH aangaande Sy verbonde sê, veral ten opsigte van die hernieuwe verbond en hoe dit 'n uitvloeisel (voortsetting) van die ou verbond is.

Die doel met die bestudering van Torah is dan ondermeer om YHVH as Verbondsgod te leer ken en om die oorsprong, die inhoud, die doel en die betekenis van die hernieuwe (nuwe) verbond te verstaan en veral hoe dit 'n uitvloeisel is van die ou verbond, naamlik met Abraham en die Mosaïese verbond (verbond van die wet). Insae in die doel en betekenis van hierdie verbonde is noodsaaklik om YHVH as Vader te ken en hoe om in hierdie verbondsverhouding te leef, asook hoekom ons die geloofsekerheid kan hê dat daar in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsiening gemaak sal word.

YHVH van die Verbond

YHVH se verhouding met die mens was, en is steeds, 'n verbondsverhouding. Die mens kan derhalwe slegs 'n verhouding met sy Skepper hê deur ingesluit te wees in YHVH se verbond. Daar kan geen verhouding tussen YHVH en die mens wees sonder 'n verbond nie. Derhalwe is die vertrekpunt van ons studie van Torah ook die feit dat YHVH 'n getroue Verbondsgod is:

Jy moet dan dit weet: Yahweh jou Elohiem, Hy is Elohiem, die getroue El wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Deut. 7:9 (Woord en Getuienis)

Hiervolgens moet ons verstaan dat:

- ❖ YHVH is die ware Elohiem (God).
- ❖ Hy is die getroue (betroubare) God en kan nie anders as om getrou te wees nie. Hy kan in alle opsigte vertrou word en sal te alle tye die inhoud van Sy verbond eerbiedig. YHVH sal dus nooit die verbond verbreek nie.
- ❖ Elkeen wat YHVH liefhet, en Sy gebooie onderhou, sal Sy goedheid en guns (goedertierenheid, troue liefde; *loving kindness*) deelagtig wees.

As die Ewige en Almagtige Verbondsgod sal YHVH dus die inhoud van die verbondsooreenkoms vir ewig eerbiedig. YHVH is die getroue God wat Hom laat bind deur 'n verbond. In dié opsig gee dit aan die mens 'n "houvas" op YHVH. Dit gee gemoedsrus en geloofsekerheid. Al wat YHVH vra, is dat ons Hom sal liefhê en sy gebooie (Torah) sal bewaar (nougeseet sal gehoorsaam). Hierdie voorwaardes was van toepassing onder die ou verbond en is steeds van toepassing onder die hernieude (nuwe) verbond. Indien ons YHVH met alles liefhet en Sy gebooie onderhou, sal ons ook die seëninge (goedertierenheid; troue liefde) van die verbond deelagtig wees.

Die feit dat YHVH getrou sal bly in die verbondsverhouding word ook deur die volgende Skrifte bevestig:

- ❖ **Jesaja 54:10** – YHVH se goedertierenheid, asook sy vredesverbond sal nooit van ons wyk nie. Luister na die woorde in die Amplified Bible:

For though the mountains should depart and the hills be shaken or removed, yet My love and kindness shall not depart from you, nor shall my covenant of peace and completeness be removed, says the Lord, who has compassion on you.

- ❖ **Jer. 32:40 en 41** – YHVH sal nooit ophou om aan ons goed te doen nie. Letterlik beteken dit dat YHVH se goedheid elkeen wat Hom liefhet en gehoorsaam is, sal agtervolg.

Geloof en gehoorsaamheid was deel van die ou verbond en is ook deel van die hernieude verbond. Israel van ouds het geglo in YHVH (Verbond met Abraham en die belofte van die Messias) en daarom hulself bereid verklaar om aan die voorwaardes van die Mosaïese verbond gehoorsaam te wees (Ex. 19:8; Ex. 24:3). Hierdie ou verbond het egter nie voorsiening gemaak vir die wegneem van sondes nie, maar slegs vir die bedekking van sondes deur offerandes (Heb. 10:1 tot 4). Deur geloof in Yeshua Messias as die eenmalige offer wat sondes wegneem (vervulling van die verbond met Abraham) kan die mens deur wedergeboorte toetree tot die hernieude verbond. Die hernieude verbond vereis egter, net soos die ou verbond, gehoorsaamheid en daarom is die Mosaïese verbond steeds deel van die hernieude verbond. Dit is nie die Mosaïese verbond (die wet) wat aan die kruis gespyker was nie, maar wel die skuldbrief van ons sondes (Kol. 2:14).

Die ou verbond was dus die sinnebeeld, en het getuig, van die genade van YHVH wat in die hernieude verbond in Yeshua vervul is. Die Mosaïese verbond is egter nie afgeskaf (ontbind) nie, maar ook in Yeshua Messias vervul, naamlik bekragtig en geldig verklaar (Matt. 5:17). Die doel van die wet (die Torah) is nie om deur die onderhouding daarvan gered te word nie. Nee, YHVH se Torah – Sy onderrig en instruksies – is gegee aan die wat reeds gered is!! Volgens beide verbonde is redding alleenlik deur geloof en volgens beide verbonde is gehoorsaamheid aan Torah noodsaaklik om YHVH se seëninge deelagtig te wees!! Ons kan dus sê: In die ou verbond is die hernieude verbond verskuil

en in die hernieude verbond word die ou verbond openbaar gemaak en bevestig (Jes. 46:9 en 10). Die ou verbond is dus die grondslag van die hernieude verbond.

As getroue Verbondsgod wil YHVH ons seën, want Hy is ‘n Vader wat die beste vir Sy kinders wil gee. Beide die ou en die hernieude verbond bevestig dit. Beide verbonde is ‘n verbondsverhouding van geloof (vertroue) in en gehoorsaamheid aan (liefde vir) YHVH.

Opsommend: YHVH is ‘n getroue Verbondsgod en sal dus sy verbond met die mens eerbiedig en die beloftes van die verbond nakom. Elkeen wat dus deur geloof in Yeshua as Messias deel is van die hernieude verbond, en wat YHVH met alles liefhet en dus in alles aan Hom gehoorsaam is, sal as geregverdigde die seëninge van die verbond deelagtig wees. YHVH is vir ewig verbind om altyd Sy goedheid en guns te stort op die wat deel is van Sy verbond en die verbondvoorwaardes nakom. Elk van die verbonde wat YHVH deur die eeue met die mens gesluit het, getuig van die Almagtige se genade. Dit is veral die hernieude verbond wat die kroon op hierdie genade is.

Hoekom ‘n Verbond?

Dit is eerstens baie belangrik om te verstaan dat ‘n verbond ‘n regsgeldige (wetlike) ooreenkoms is waarvan die inhoud bindend is en te alle tye eerbiedig moet word. ‘n Verbond is ewigdurend en kan daarom nie ongeldig verklaar word nie, maar dit kan wel bevestig, hernu of verbeter word. In dié opsig kan dit dan wel as ‘n “nuwe” verbond beskou word, hoewel dit meer korrek is om na ‘n hernieude verbond te verwys. Hierdie is ‘n baie belangrike beginsel wat verstaan en onthou moet word. Soos reeds bespreek, is die ou- en die nuwe verbond ‘n voorbeeld hiervan en daarom praat ons van die hernieude verbond.

YHVH se doel met ‘n verbond is om by wyse van ‘n regsgeldige ooreenkoms ons die vesekering te gee dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien volgens sy liefde, genade en ontferming komende uit Sy onuitputlike bron van wysheid, rykdom en almag. Met dit voor oë het YHVH met die mens die eerste verbond in die Tuin van Eden gesluit (Genesis 1 en 2 – die Eden- en Adamiese verbonde). Die Almagtige het Homself moreel en wetlik by wyse van hierdie verbond verbind om in al die behoeftes van die mens van gees, siel en liggaam te voorsien en dat die mens hier op aarde as YHVH se verteenwoordiger sal regeer. Al wat YHVH van die mens gevra het was gehoorsaamheid, naamlik om te eet van die boom van lewe en **nie** van die boom van kennis van goed en kwaad nie (Gen. 2:16 en 17). Die Boom van Lewe is al YHVH se onderrig en instruksies wat die mens nodig gehad het om in die Tuin van Eden voorspoedig in YHVH se teenwoordigheid te lewe. Dan sou die mens al YHVH se seëninge deelagtig wees.

Na die sondeval, naamlik die verbreking van die verbondvoorwaardes in die tuin van Eden deur die mens, het YHVH sy verbondsplan in werking gestel waarvolgens Hy uiteindelik weer die verhouding tussen Hom en die mens sou herstel tot soos wat dit was voor die sondeval. Hierdie herstel sou by wyse van verskillende verbonde geskied (Tabel 1). YHVH se doel met ‘n verbond het egter nie verander nie, maar is steeds om as Verbondsgod die vesekering te gee dat Hy in al die mens se behoeftes sal voorsien volgens sy liefde, genade en ontferming komende uit Sy onuitputlike bron van wysheid, rykdom en almag.

Die wedergebore kind van YHVH staan in ‘n verbondsverhouding as verbondskind en het dus ‘n absolute en ewige waarborg dat sy Hemelse Vader se goedertierenheid elke oomblik van elke dag deel van sy lewe sal wees. Dink daaraan!! YHVH die Almagtige, die Alomteenwoordige, die Alwyse en die Alwetende – die Skepper van die hemel en die aarde en alles wat daarin is – is bereid om ‘n regsgeldige ooreenkoms met die mens aan te gaan so asof Hy as YHVH-God nie vertrou kan word nie!! Hy is bereid om terwille van die mens ‘n waarborg te gee dat Hy ons sal seën. Wat ‘n onoortreflike bewys van YHVH se liefde, genade en ontferming sodat ons absolute geloofsvertroue kan hê!! Geen wonder YHVH verklaar:

Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek YHVVH, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee (Jer. 29:11).

Die enigste voorwaarde van die verbond, die oue en die hernieude verbond, is gehoorsaamheid (Deut. 7:9; Joh. 14:21 en 23). Gehoorsaamheid bring YHVVH se seëninge en ongehoorsaamheid Sy oordele (vloeke). Deuteronomium 28 is die bevestiging hiervan.

YHVVH het egter nie nodig gehad om met die mens 'n verbond te sluit nie, want Sy Woord is voldoende versekering dat Hy alles sal doen wat Hy belowe het. Hy kon dit net gespreek het en dit sou voldoende gewees het!!

El is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n seun van Adam (mensekind) dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of praat en dit nie waar maak nie? Num. 23:19 (Woord en Getuienis).

Hoewel YHVVH se Woord voldoende is om ons van Sy getrouheid te verseker, was Hy nogtans bereid om deur 'n verbond Hom te laat bind aan Sy Woord. Vir die mens is dit dus 'n dubbele versekering, naamlik YHVVH se Woord wat vir altyd vas bly staan en wat nie sal verander nie (Titus 1:2; Jak. 1:17), asook 'n verbond waarin die beloftes vervat is en wat YHVVH wetlik en moreel bind. Hoe kan ons dan nou nog hoegenaamd twyfel aan Abba YHVVH se liefde, genade en ontferming, asook enigsins twyfel aan Sy bereidwilligheid om in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam te voorsien?

YHVVH se uitsluitlike doel met Sy verbonde is dus om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel en om die mens terug te bring tot die punt van 'n absolute onwankelbare geloof (vertroue) in Hom en 'n lewe van vrywillige en algehele afhanklikheid van Hom. 'n Verhouding soos bestaan het tussen YHVVH en die mens voor die sondeval. 'n Verhouding waar die mens oorfloedig geseën sal word deur geloof en gehoorsaamheid!!

Opsommend:

- ❖ Van al die verbonde wat YHVVH met die mens gesluit het, is die verbond met Abraham en die verbond van die wet, wat gesamentlik as die ou verbond bekend is, die belangrikste, want dit vorm ook die grondslag van die hernieude verbond. Die hernieude verbond is 'n vervulling, naamlik 'n bevestiging en die volle maat, van die verbond met Abraham en die verbond van die wet (Mosaïese verbond).
- ❖ Die verbond met Abraham is 'n heenwysing na Yeshua Messias en is in die hernieude verbond vervul met die koms van Yeshua as die Lam van YHVVH. Soos Abraham deur geloof geregverdig verklaar is (Gen. 12:6; Rom. 4:3, 9, 12 en 22), so word elkeen alleenlik deur geloof in Yeshua as Messias gered (geregverdig verklaar)(Rom. 3:28; Rom. 5:1). Niemand kan deur onderhouding van die wet gered word nie (Gal. 3:11).
- ❖ Die bewys (uitvloeiels en gevolg) van ware geloof is om as geregverdigde te wil lewe, naamlik in gehoorsaamheid aan die Vader se onderrig en instruksies – die Torah (die wet). YHVVH se Torah is ook ons onderrig en instruksies hoe om in 'n verbondsverhouding met ons Skepper-God en ons medemens te lewe. Die Torah onderrig elkeen hoe om in die regte verhouding met die Vader te lewe en sodoende in al die seëninge te kan deel. Hierdie begeerte tot gehoorsaamheid is 'n spontane gevolg op grond van liefde vir YHVVH as Vader.
- ❖ Die Mosaïese verbond is daarom deel van beide die ou- en die hernieude verbond. In Yeshua Messias is die Mosaïese verbond egter ook vervul, naamlik bevestig en die volle maat (betekenis) daaraan gegee tot die punt van versadiging (Matt. 5:17). Yeshua self het gesê dat nie een jota of een titteltjie van die Torah tot niet sal gaan nie (Matt. 5:18) en daarom het Hy nie gekom om dit te ontbind nie (tot niet te maak nie), maar wel te vervul. YHVVH, ons

Vader, se Torah (wet) bly dus deel van die lewe van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is.

Die Verbondvoorwaardes

Beide die ou en die hernieude verbond bevat verbondsvorwaardes bestaande uit verbondseëninge en verbondsoordele. Hierdie verbondsvorwaardes is deur YHVH self “opgestel en onderteken”. Beide verbonde is bewys van YHVH se genade omrede Hy bereid was om Hom vir ewig deur `n regs-geldige ooreenkoms te bind as bewys van sy liefde en ontferming wat Hy sal betoon aan die wat deur geloof in Yeshua as Messias met Hom versoen is en uit liefde aan Hom gehoorsaam is. Gehoorsaamheid is die waarborg tot YHVH se oorfloedige seën, maar ongehoorsaamheid het YHVH se oordele (vloeke) tot gevolg. Onthou: YHVH is ewe getrou aan Sy seëninge as aan Sy oordele!! Deuteronomium 28, en verskeie ander Skrifgedeeltes, is die bevestiging hiervan.

Ons Hemelse Vader is `n Verbondsgod wat sy goedheid en guns op ons wil uitstort.

Al die paaie van YHVH is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuïenisse bewaar.
Ps. 25:10

Maar die goedertierenheid van YHVH is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om dié te doen. Ps. 103:17 en 18.

Maar my goedertierenheid sal Ek van hom nie wegneem en my trou nie verbreek nie. Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. Ps. 89:34 en 35

Bogenoemde is waarlik goeie nuus! Dit is so oorweldigende goeie nuus dat die mens se geaardheid neig om te wil sê: *Maar dit is te goed om waar te wees!*

Indien jy YHVH werklik liefhet, sal jy die begeerte hê om al sy gebooie te bewaar. Yeshua het gesê dat as ons Hom liefhet, sal ons sy gebooie bewaar en indien ons al sy gebooie bewaar dan is dit die bewys dat ons Hom waarlik liefhet (Joh. 14:15 en 21). Dan kan ons al die seëninge van YHVH ons Vader deelagtig wees.

As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Joh. 14:23

Die wat YHVH nie liefhet nie, is die wat nie Sy gebooie bewaar nie (1 Joh. 2:2 tot 6) en sal deur die Woord van YHVH geoordeel word, want hulle het die verbondsvorwaardes verbreek.

Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge `n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie. En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. Lev. 26:14 tot 18

En Ek sal `n swaard oor julle bring wat die wraak van die verbond sal uitoefen; en as julle dan in jul stede terugtrek, sal Ek pes onder julle in stuur, en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.
Lev. 26:25

Maar as jy nie luister na die stem van YHVH jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal.
Deut. 28:15

Hoor julle die woorde van hierdie verbond, en spreek met die manne van Juda en met die inwoners van Jerusalem en sê vir hulle: So spreek YHVH, die God van Israel: Vervloek is die man wat nie luister na die woorde van hierdie verbond. Jer. 11:2 en 3

Die natuurlike uitvloeisel van geloof is altyd gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid word deur liefde gevoed en daarom gaan ware geloof altyd gepaard met die werke van gehoorsaamheid aan die wil van YHVH. Geloof sonder werke is dooie (nuttelose) geloof – Jak. 2:14 tot 26).

Gevolgtrekking: Gehoorsaamheid het seëninge tot gevolg en ongehoorsaamheid vloeke (oordele). Indien ons moedswillig aan YHVH se Torah ongehoorsaam is, het ons Hom nie waarlik lief nie en kan ons daarom nie verwag om deel te hê aan die seëninge van die verbond nie. Het jy die Vader so lief dat jy bereid is om in alles gehoorsaam te wees? Bewaar jy al Sy gebooië of is jy selektief gehoorsaam?

Ons moet nooit die waarskuwing in Matt. 7: 21 tot 23, asook Luk 12:47 vergeet nie. Hiervolgens is dit baie duidelik dat YHVH allereers gehoorsaamheid vereis. Gehoorsaamheid wat uitgestel word is niks anders as ongehoorsaamheid. Die gelykenis van die nou poort soos opgeteken in Lukas 13 : 22 tot 30 bevestig dit.

Volgens 1 Sameul 15: 22 en 23 vereis YHVH gehoorsaamheid en nie offerhandes nie. In hierdie Skrifgedeelte word ongehoorsaamheid en eiesinnigheid beskou as wederstrewigheid wat dieselfde is as die sonde van waarsêery, afgodery en beelddiens. Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Totale gehoorsaamheid aan YHVH is die enigste bewys van ware liefde vir Hom.

Ons kan dit nie bekostig om 'n enkele van YHVH se gebooië moedswillig te verontagsaam nie. Gehoorsaamheid is die waarborg tot die seëninge wat YHVH volgens Sy verbond belowe. Dit is die belofte van beide die ou- en die hernieude verbond.

Die Geheimnisse Van Die Verbond

Volgens Psalm 25:14 maak YHVH die geheimnisse van Sy verbond bekend aan die wat Hom liefhet en Hom met eerbiedige ontsag in gehoorsaamheid dien. Die vertaling in die *Amplified Bible* van hierdie teksvers maak die betekenis nog meer duidelik:

The secret (of the sweet satisfying companionship) of the Lord have they who fear – revere and worship – Him, and He will show them His covenant, and reveal to them its (deep, inner) meaning.

Die wat YHVH dus vereer, respekteer, hoog ag en aanbid, deel die geheimenis van die soet en bevredigende verhouding met YHVH wat tot gevolg het dat die dieperliggende en ware betekenis van die verbond aan hulle bekend gemaak sal word.

Indien jy YHVH liefhet met jou hele hart, en jou hele siel en jou hele verstand (Matt. 22:37), en indien jy Hom met eerbiedige ontsag en in gehoorsaamheid aan Sy opdragte dien, dan sal Hy die ware betekenis van Sy verbond aan jou openbaar. YHVH sal dus self die geheimnisse van die verbond bekend maak aan die wat Hom in liefde en gehoorsaamheid dien. Hierdie openbaringskennis sal bydra tot 'n kragtige en bevredigende geloofslewe. Dan sal jy YHVH as Vader waarlik ken en Sy seëninge deelagtig wees.

Die ware betekenis van die hernieude verbond is vir talle gelowiges nog verskuil. Derhalwe is die krag van die verbond en die ware seën daarvan vir hulle verlore. Aan hulle wat egter met hulle geestelike ore luister en die waarheid aanvaar, aan hulle word dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van YHVH te ken (Mark. 4:9 tot 12). Die wat egter hulle harte verhard het, het oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie (Mark. 8:17 en 18).

Die openbaring van die dieperliggende betekenis van die verbondsverhouding met YHVH Yeshua sal van elkeen 'n geloofsreus maak. Dit veroorsaak 'n innerlike verandering wat van elkeen 'n dader van die Woord sal maak en nie net 'n hoorder nie (Jak. 1:22 tot 25). Ons geloof sal deur ons werke bevestig word (Jak. 2:14). Ons sal die hande, voete en lippe van Yeshua word – 'n Arbeider in YHVH se koninkryk wat hom nie hoef te skaam nie (2 Tim. 2:15).

Indien ons die ware betekenis van die hernieuwe verbond verstaan, verstaan ons 'n baie groot gedeelte van die Vaderhart en derhalwe van ons verhouding met Hom. Dit is bo alles ons Vader se begeerte, naamlik dat ons Hom moet ken as ons God van liefde, genade, ontferming en voorsiening.

YHVH ons God en Vader is 'n Verbondsgod wat die seëning van die verbond op sy kinders wil uitstort. Hy het die verbond in Yeshua terwille van ons gesluit om op dié wyse Sy goedheid en guns te betoon.

Bepeins of Bespreek

1. Bogenoemde bevestig dat geloof en gehoorsaamheid die basis van beide die ou en die hernieuwe verbond is. Hoekom is die hernieuwe verbond dan 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is (Heb. 7:22 en 8:6)? Het dit te doen met die feit dat Yeshua die eenmalige offer tot sondevergifnis is (Heb. 10:3, 4 en 12)?
2. Die tien gebooie is die opsomming van die verbondsvoorwaardes en 'n opsomming van YHVH se hoedanighede en outoriteit. Is die volgende dan waar? Indien jy nie al tien gebooie onderhou nie, want jy verwerp een gebod, dan verbreek jy die verbond en dien jy 'n ander god as YHVH.
3. Wat is die verskil tussen 'n kontrak en 'n verbond? Onthou: *'n Verbond is 'n wedersydse en ewigbindende ooreenkoms wat deur bloed besêel is, en wat tot voordeel van beide partye van die verbond is, en wat gegrond is op bepaalde beloftes en voorwaardes wat te alle tye deur beide partye nagekom moet word.* Kan 'n kontrak aan hierdie definisie voldoen?

Nota

Waar het die sluit van verbonde ontstaan? Die eerste direkte verwysing in die Skrifte waar die woord verbond gebruik word, is toe YHVH 'n verbond met Noag gesluit het (Gen. 6:18 en Gen. 9:11 tot 13). Noag het nie gevra dat YHVH moet verduidelik wat 'n verbond is nie, want hy het die betekenis van 'n verbond verstaan. Die reënboog was vir Noag die teken van hierdie verbond, en die bevestiging, wat YHVH gebind het aan sy belofte om nooit weer die aarde deur water te vernietig nie.

Indien Noag die doel en betekenis van 'n verbond verstaan het, kan ons met sekerheid sê dat sy voorouers ook bekend was met die sluit van verbonde. Daarom kan die ontstaan van die sluit van verbonde waarskynlik teruggevoer word tot in die tuin van Eden. Adam en Eva het in 'n verbondsverhouding met YHVH gestaan. Hierdie gevolgtrekking kan gemaak word op grond van:

- ❖ Genesis 1 en 2 waar YHVH sekere opdragte aan Adam gegee het, en sekere voorwaardes gestel het, om geseënd te wees. Adam moes vermeerder en die aarde vul en dit onderwerp en daarvoor heers (Gen. 1:28). Hy moes die tuin bewerk en bewaak (Gen.2:15). Hy mag ook nie geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad nie, maar slegs van die boom van lewe (Gen. 2:17). Die verhouding tussen YHVH en die mens was dus een van geloof en gehoorsaamheid en is tipies van 'n verbond. Hierdie verbond staan bekend as die Verbond van Eden (Eden-Verbond; *Edenic Covenant*).
- ❖ Genesis 3:14 tot 21. In hierdie skrifgedeelte, wat handel na die sondeval van Adam en Eva, vervloek YHVH die slang, maar verwys profeties na die Messias wat sal kom en die slang se kop

sal vermorsel (Gen. 3:14 en 15). Hierna het YHVH *vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek* (Gen. 3:21). Dit impliseer dat 'n dier geslag is, die eerste waarvan ons in die Skrifte lees. Die vel van die dier, wat simbolies was van bedekking deur die bloed, is vir Adam en Eva aangetrek. In die lig hiervan was die eerste dier wat na die sondeval geslag was, en waarvan YHVH vir die mens 'n bedekking gemaak het, ook die eerste bloedoffer ter vergifnis van sonde. Die Skrifte leer dat vergifnis van sonde slegs deur 'n bloedoffer plaasvind (Heb. 9:22). Hierdie was 'n uitbreiding van die Eden-Verbond en staan bekend as die Verbond met Adam (Adamiese Verbond; *Adamic Covenant*). In hierdie verbond sien ons dan ook die eerste heenwysing na die reddende genade van YHVH van sondevergifnis en versoening deur die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

Gevolgtrekking: YHVH het die sluit van verbonde ingestel en van die begin af was YHVH se verhouding met die mens 'n verbondsverhouding.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 40:27 tot 41:16 – Hy wat op YHVH wag

Hierdie week se Haftorah Skriflesing begin met 'n tugtiging deur YHVH by monde van die profeet Jesaja:

Waarom sê jy dan, o Ya'akov en stel jy dit o Yisra'el: "My pad is vir יהוה verborge en die reg wat my toekom gaan ongemerk by my God verby?" Jes. 40:27 – PWL Vertaling.

YHVH tigtig Sy volk vir die afleiding wat hulle maak dat Hy nie meer vir hulle omgee nie! Die profeet herinner hulle daaraan dat hulle die naam dra wat YHVH gekies het om hulle te noem, naamlik Jakob en Israel. Het hulle dan vergeet dat hulle in 'n verbondsverhouding met YHVH staan en dat Hy die getroue Verbondsgod is?

Jesaja vra vir YHVH se volk:

Weet jy dit nie? Het jy dit nie gehoor nie? Die Ewige God, יהוה, die Skepper van die eindes van die aarde word nie moeg of vermoeid nie; Sy insig is onbepaalbaar. Jes. 40:28 – PWL Vertaling.

En tog moet ons erken dat ons simpatie het met Israel se moedeloosheid. Sou ons nie dieselfde gereageer het nie? Sou ons nie ook soos Israel na jarelange ballingskap die afleiding maak dat YHVH ons vergeet het nie? Is dit nie ook die wyse wat ons reageer wanneer ons smeekbede nie beantwoord word nie? Vergeet ons nie ook dikwels dat Vader-God die getroue Verbondsgod is nie?

Deur vir Israel te vra of hulle dan nie weet nie, en of hulle dan nie gehoor het nie, is Jesaja inderwaarheid besig om Israel aan hulle geskiedenis te herinner, naamlik dat YHVH hulle nog altyd verlos het. Weet hulle dan nie, en het hulle nie gehoor van die bevryding van die Egiptiese slawejuk nie, van die liefdevolle versorging in die wildernis nie en van die menigvuldige oorwinnings oor hulle vyande nie? Het hulle vergeet dat hulle YHVH se uitverkore volk is – 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde volk (Ex. 19:6, Lev. 19:2, Deut. 7:6 en Jes. 62:12). Selfs Paulus herinner ons daaraan dat YHVH nie Sy volk verstoot het nie!

Ek vra dan: Het God miskien Sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Rom. 11:1

Maar, het ons nie dieselfde geneigdheid nie? Vergeet ons nie ook van al die kere wat YHVH tot ons redding gekom het nie? Ons probleme en behoeftes van die hede wis so maklik die herinnering van die kragtige en liefdevolle voorsiening en ingryping van Vader-God van die verlede uit.

Hierdie Haftorah Skriflesing is ook 'n herinnering dat YHVH se beloftes deur vertroue en geduld in besit geneem word. Daarom bemoedig Jesaja ons elkeen met die woorde van YHVH:

Hy gee krag aan die vermoeide en vermenigvuldig krag vir hom wat geen krag het nie. Alhoewel jonges moeg en vermoeid word en fiks jongmanne sleg struikel, tog sal die wat op, יהיה wag, hulle krag hernu; hulle sal opvaar met vlerke soos arende; hulle sal hardloop en nie moeg word nie, hulle sal loop en nie vermoeid word nie. Jes. 40:29 tot 31 – PWL Vertaling.

Te midde van hartseer en beproewing sal die wat op YHVH met vertroue en geduld wag hernieuwe krag ontvang. Met geduld is om te wag vir YHVH se tydplan – Hy is in beheer en alles geskied volgens Sy tydplan. Om te wag is om ‘vasgebind’ te wees aan YHVH en om seker te wees van dit wat jy hoop en oortuig te wees van dit wat jy nie sien nie (Heb. 11:1).

Bepeins of Bespreek:

1. Jes. 40:27 – Israel sê: *My weg is vir YHVH verborge.* Die vraag is egter of YHVH Homself versteek het of het hul weggeloop van YHVH, terwyl Hy steeds daar is? Geld dieselfde nie ook steeds vandag nie? Israel was in ballingskap weens hul Torah-ongehoorsaamheid. Hoe dikwels moet die rede vir ons omstandighede by onself gesoek word. Is ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah nie meestal die rede vir ons hartseer en teenspoed nie?
2. Teenswoordig is Israel se verlange ook na verlossing uit die hand van die veelvoudige vyande wat hulle omring en wil vernietig. As te ware is hulle in ‘ballingskap’ in hulle eie land, maar profeties weet ons dat daar ‘n dag sal kom wat YHVH Israel finaal sal bevry. Geld dieselfde vir ons wat deel van Israel is dan nie ook nie? Daarom moet ons vashou aan die belofte soos deur Jesaja gespreek is:

“Maar jy, Yisra’el, My dienskneg, Ya’akov, wat Ek gekies het, nageslag van Avraham, My vriend, jy, wat Ek gevat het van die eindes van die aarde af en van sy verste dele geroep het, en vir jou gesê het: ‘Jy is My dienskneg; Ek het jou gekies en jou nie verwerp nie; moenie vrees nie, want Ek is by jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk, sekerlik sal Ek jou help en jou ondersteun met My regverdige regterhand.’ Let op, almal wat kwaad is vir jou sal beskaamd staan en onteer word; hulle wat jou teëstaan sal soos niks wees en vergaan. Jy sal hulle wat met jou stry soek, maar hulle nie kry nie, die wat teen jou oorlog voer sal wees soos niks en wat nie bestaan nie, want Ek is יהיה, jou God, wat jou regterhand ophou, wat vir jou sê: ‘Moenie vrees nie, Ek sal jou help.’ Jes. 41:8 tot 13 – PWL Vertaling

Mag dit spoedig bewaarheid word!!!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

TABEL 1: DIE VERBONDE

Verbond	Skrifverwysing	Beskrywing
Verbond van Eden (Edenverbond; <i>Edenic Covenant</i>).	Gen.1:26 tot 28 Gen. 2:15 tot 17 Teken: Grond	Het geloof (vertroue) en gehoorsaamheid vereis. Vermenigvuldig en vul die aarde; onderwerp dit en heers daaroor. Bewerk en bewaak die tuin. Mag nie eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie, maar slegs van die boom van lewe.
Adamiese Verbond; (<i>Adamic Covenant</i>)	Gen.3:14 tot 19 Teken: Grond	Geldig vir almal. Uitbreiding van Edenverbond. Slang en aarde (grond) is vervloek. Beide man en vrou sal die gevolge hiervan dra. Vergifnis deur offerhande. Belofte van die Messias.
Verbond met Noag	Gen. 6:18 en Gen. 9:11 tot 13 Teken : Reënboog	Geldig vir almal. Belofte dat YHVH nooit weer die aarde deur water sal vernietig nie.
Verbond met Abraham (*3)	Gen. 12:1 tot 3; Gen. 15:17; Gen. 17:10 en 11 Teken: Besnydenis	Belofte van YHVH se reddende genade deur Yeshua. Geregtigheid deur geloof. Belofte van 'n land as woonplek. Geloof is die geboortereg tot die erfenis.
Verbond van die Wet (Mosaïese Verbond) (*3)	Ex. 19 tot 24 Teken: Shabbat (Die Tien Woorde)	Afhanklik van verbond met Abraham. Gehoorsaamheid bring seëninge. Ongehoorsaamheid bring vloeke. Leer ons hoe om as geregverdigdes te lewe.
Verbond met Dawid	2 Sam. 7:12 tot 16 Teken: Tempel (Jerusalem)	Geldig vir Israel en die wat deel geword het van Israel. Afhanklik van die Verbond met Abraham en die Mosaïese verbond. 'n Koning as regeerder. Belofte van Yeshua wat sal regeer as Koning en Priester volgens die orde van Melgisedek.
Hernieude Verbond (Nuwe verbond)	Jer. 31:33 (Heb. 8:8-10) Luk. 22:20 2 Kor. 1:22 en 5:5 Ef.1:14 Teken: (Heilige Gees)	Verbond met die huis van Israel en die huis van Juda, en dus met elkeen wat die getuienis het van geloof (Verbond met Abraham) en van gehoorsaamheid (Mosaïese verbond). Die Afgesonderde Gees het die Torah op ons hart geskryf sodat ons gehoorsaam kan wees. Die eenmalige offer van Yeshua het tempel, priesterorde en offerhandes vervang met die priesterorde volgens Melgisedek
Vredesverbond	Eseg. 34:25 en 26	Belofte van die verbond gedurende die Messiaanse Koninkryk. Vervulling van Verbond met Dawid

(*3) Meestal wanneer daar na die ou verbond verwys word, word die verbond met Abraham en die Mosaïese verbond bedoel.